DIE BURGER, VRYDAG, 18 APRIL 1969

# POP VAN DIE BESTE

Deur
W. O. KÜHNE

BY 'n onthaal in die etensuur in 'n Kaapse hotel het genooide gaste gister 'n voorvertoning gesien van dele uit die program van twee uur wat 'n groep van Springbok-Stormloop môreaand in die Kaapstadse stadsaal lewer.

- By meer as een in die gehoor, raai ek, was by ánder reaksies ook nog verbasing dat die deelnemers hulle met soveel geesdrif in hul sang en musiek kan werp.

Wie altemit vooraf gedink het dat hulle 'n klomp „squares" is, het dit ver mis gehad. Die klomp kán sing, en die begeleidende trom en drie elektriese kitare, in vaardige hande, is so pop as wat watter moderne tieners kan verlang. Die deelnemers verskyn in vrolike amper-mini's op die verhoog en hulle straal optimisme uit en hulle het ritme — en minstens één soliste, Christine du Plooy van Gwelo, wat op die beroepsverhoog kan gaan meeding.

- Vir dié klomp kinders gun ek 'n stampvol stadsaal en die verwesenliking van hul grootste ideale vir 'n beter wêreld.

Niemand weet beter as die bestuur van die Springbok-Stormloop watter koelheid en selfs teenstand daar by verskeie instansies in die land teenoor die beweging is nie. Maar wát die bedenkinge ook al is, één ding is seker: as die doelstellinge van die onderneming strook met die voorkoms en optrede van die jong lede, moet dit van harte goed wees.